



*Die aanbieder van 'n eens bekende Amerikaanse kletsprogram, het eendag min of meer die volgende gesê; "n Brandweerman moet eers sy volle uitrusting aantrek voordat hy by 'n brandende gebou kan inhardloop. Al is die brandweerman se bedoeling hoe goed, as hy nie die regte klere en beskerming aan het nie, gaan hy deur die rook en vlamme oorweldig word, brand en self 'n slagoffer word. Haar boodskap was kort en kragtig – kyk eers na jouself voor jy ander probeer help.*

*Die lewe het sy eie brandende geboue en ons hardloop soms halsoorkop, blindelings binne sonder enige "beskerming".*

*Raak stil, kry nuwe krag en beveg die lewe se vlamme met die volle wapenrusting.*

*"Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel." Efesiërs 6:11*

*Riata Nel*

## KNIEWERK

### VOORBIDDING VIR:

- ♥ Voorbidding vir ds. Petrie vir sy boodskap.
- ♥ Lizzie Erasmus vir herstel na operasie
- ♥ Giel Louw vir mediese behandeling
- ♥ Ons bid vir gesondheid en beterskap vir Frans Visagie en Jessie Dippenaar.
- ♥ Innige meegevoel met die familie van Martie Goldie, wat die week oorlede is.

## POTJIEKOSKOMPETISIE - ACVV HUIS JAN SWART

Huis Jan Swart bied vanjaar vir die elfde jaar hul gewilde potjiekoskompetisie aan en daar is soos altyd weer smullekker kos, geselskap en musiek.

Die kompetisie word gehou om geld vir dié nie winsgewende organisasie, in te samel.

**Datum: Saterdag 29 Februarie**

**Tyd :12:00 tot 17:00**

**Koste: R60 vir 'n potjieporsie, rys en malvapoeding met vla.**

Die groot verskeidenheid potte sluit in afval, skaapvleis, hoender en seekos.

Bring jou kampstoel en kom kuier die middag saam. Daar sal lewendige musiek wees om die gees aan te moedig.

Belangstellendes en dié wat wil deelneem, kan Henriette kontak by (021) 854-3763

## SNUFFELMARK LOURENSRIVIER GEMEENTE STRAND

**WOENSDAE/WEDNESDAYS  
12:00 - 13:00**

KERKSAAL-INGANG (JENNINGSSTRAAT)  
(H/V BROADWAY & DAGAMA STRAAT)

**2020**

29 Jan

26 Feb

**01 Apr**

29 Apr

27 Mei

**01 Jul**

29 Jul

26 Aug

30 Sept

Okt (geen mark/no market)

25 Nov

Des (geen mark/no market)



**HELEN**  
*Dellwet-Krige*

SPRAAK-TAALTERAPEUT  
EN OUDIOLOG



**HELEN**  
*Dellwet-Krige*

BA SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140  
www.helendewetkrige.co.za | helendwk30@gmail.com  
082 781 8391

Praktyk Nr 08200008203423 | HPCSA Reg. Nr STA0003727

Kom geniet 'n inspirerende kuier-oggend  
saam met

**MARTELIZE BRINK**

(RSG-omroeper, regisseur en  
motiveringspreker)

TEMA: HOE ONS DIE KLAPPE VAN DIE  
LEWE SUKSESVOL KAN HANTEER

Datum: Saterdag 14 Maart 2020;

Tyd: 10:00;

Koste: R80 per persoon;

Plek: Suider-Strand Gemeente

Kaartjies beskikbaar by Suider-Strand se Kerkkantoor



**Klassieke Klavier Klanke**  
2020

José Dias in konsert

Aangebied deur  
*Musica Dei*

Sondag, 15 Maart  
@ 15:00

**Helderberg Gemeente**  
82 Firmount St, Somerset Wes

Toegang Gratis | Donasies Welkom

Verdere inligting: [helderbergconcerts.business.site](http://helderbergconcerts.business.site) of  
FB *Classical Sounds*

## **BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS**

**Donderdag 5 Maart om 09.30**

**Plek:**

Moedergemeente Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat

Die bekende en bekroonde akteurspaar **Carel Trichardt en Petru Wessels** tree op in 'n volledige produksie (komedie).

Ds. Hennie Fouche van Hottentotsholland Gemeente doen die Skriflesing en gebed.

Tee en verversings word ook bedien.

Almal is baie welkom. Koste: Lede R10 Besoekers R50.



# Wêreldbiddag vir Vroue

## Wêreldbiddag vir Vroue

Donderdag 5 Maart @ 19:00

Lourensrivier-Strand

Gemeente Kerksaal

Fokusland - Zimbabwe

Almal is welkom: vroue, mans, kinders en vriendinne. Ons nooi spesiaal ook Zimbabwiese mans en vroue uit om dié geleentheid by te woon.

“Staan op!  
Neem jou slaapmat  
en loop”

Wêreldbiddag  
2020

## The painting

**The Painting:** *“Rise! Take your mat and walk.”*  
(Artist: Nonhlanhla Mathe)

The painting portrays people’s lives in the society. The top part background from right to left represents a transition from a dark difficult past as a nation to a more prosperous and promising future. The bottom composition is more a display of love, healing and reconciliation as inspired by the story of John 5: 2-9a. The part with vegetation is representative of the potential economic productivity since the nation is an agricultural based economy.

I do abstract and semi abstract figurative paintings with lots of texture and a colorful finish. I am very much inspired by people’s lives, the way they relate to each other and the way they view things. I focus mainly on women as a woman myself. Empowerment is also displayed in the work.





# Wêreldbiddag vir Vroue Zimbabwe

Die 90ste viering van die Wêreldbiddag in Suid-Afrika



Zimbabwe beteken “House of Stones” (Huis van klippe) en is in Suider-Afrika geleë. Zimbabwe lê tussen die Limpoporivier in die suide en die magtige Zambezi-rivier in die noorde. Dit grens aan Suid-Afrika in die suide, Botswana in die weste en suidweste, Zambië in die noordweste, en Mosambiek in die ooste en noordooste. Die Zambezi-rivier is die langste rivier in die land. Die magtige Victoria-waterval is 108 m hoog en stort oor die rand tot onder in die smal Batoka-kloof. Dit word beskou as een van die Sewe Wonders van die wêreld. Die Hwange Nasionale Park is ’n wildbewaringsgebied (wildtuin) waar seekoeie, renosters, olifante en ’n wye verskeidenheid voëllewe voorkom. ’n Verdere belangrike toeriste-aantreklikheid is die Groot Zimbabwe-ruïnes, waar die land sy naam vandaan kry. Die hoofstad is Harare.

Zimbabwe het in 1980 onafhanklikheid vanaf Brittanje verkry. Die huidige vlag is toe as nasionale vlag aanvaar. Die groen in die vlag verteenwoordig plantegroei, die geel verteenwoordig minerale, die swart verteenwoordig die swart meerderheid van die bevolking, die rooi verteenwoordig die bloed wat tydens die bevrydingstryd (Chimurenga-oorlog) gestort is en die wit verteenwoordig vrede.

Zimbabwe het 16 amptelike tale, en het een van die hoogste geletterdheidsyfers in Afrika (91%). In 1980 het die regering van Zimbabwe toegang tot onderwys as ’n basiese mensereg verklaar. Dit het gelei tot die oprigting van laer- en hoërskole, tegniese kolleges, beroepsopleidingsentrums en universiteite in al die provinsies. Onderwys is nie gratis nie.

In 2000 het die ekonomie van Zimbabwe geweldig gedaal en dit het tot wydverspreide armoede en ’n werkloosheidsyfer van 95% gelei. In 2008 het Zimbabwe se inflasie ’n hoogtepunt van 3231 miljoen % bereik.

Zimbabwe het ’n geskatte bevolking van ongeveer 12 miljoen mense. Vroue vorm 51% van die bevolking en speel ’n baie belangrike rol in die sosio-ekonomie van Zimbabwe. Vroue hanteer baie van die huishoudings in landelike gebiede op hulle eie en sukkel om hulle gesinne behoorlik te voed. Die mans het ter wille van beter werksgeleenthede na dorpe en myne getrek, terwyl die jong vroue en mans na ander lande migreer het.

Zimbabwe se grondwet van 2013 erken geslagsgelykheid as een van die grondbeginsels van die land. Alhoewel 39% van die setels in die parlement deur vroue beklee word, is daar nog baie wat gedoen moet word om die huidige wette, wat die regte van vroue moet beskerm, te verander. Praktyke soos gedwonge toetsing van maagdelikheid en huwelike wat voltrek word na vroue ontvoer is, veroorsaak dat vroue steeds ’n minderwaardige posisie in die samelewing beklee.

Arm vroue, wat in landelike gebiede woon en van laer sosiale stand is, word in die samelewing benadeel en daar word steeds teen hulle gediskrimineer. Ongelykheid tussen geslagte manifesteer in geweld teen vroue en meisies. Een uit elke drie meisies, word voor hulle 18 jaar oud is, aan seksuele geweld blootgestel. Zimbabwe het van die hoogste persentasie kinderhuwelike ter wêreld. Vroue word blootgestel aan gewettigde diskriminasie en swak kraam- en gesondheidsdienste.

Vroue versorg gestremde kinders en kinders met spesiale behoeftes sonder veel ondersteuning van mans of familieledere. Meeste vroue word geaffekteer deur MIV en Vigs, sowel as serviks- en borskanker. Baie vroue en kinders sterf as gevolg van tifus en cholera.

Baie kinders staan aan die hoof van huishoudings na hulle ouers agv MIV en Vigs gesterf het. Sommige bly by hul grootouers wat nie eers basiese lewenskoste kan dra nie.

Sendelinge het net voor die koloniale bewind die Christendom in Zimbabwe kom vestig. Die Britte het die Bybel en kennis van God in die land ingedra. Hulle het skole, hospitale, nywerhede, kerke en infrastruktuur gebou wat vandag nog gebruik word. In 1962 is die eerste tussenkerklike gebedskomitee deur eerwaarde Kachidza van die Methodiste Kerk en majoor Nhari van die Salvation Army Church gevorm.

Die meeste Zimbabwiese Christene is Protestante. Die grootste Protestantse kerke is die Anglikaanse -, Sewendedag-Adventiste en Metodistekerk. Daar is ongeveer een miljoen Katolieke in die land.

Die Anglikaanse kerk, Methodiste kerk, United Methodist Church, Rooms Katolieke kerk, Nederduitse Gereformeerde kerk, Salvation Army, Church of Christ, AIMC Church, CCAP en Independent African Church is huidig deel van die WWDP.

In Zimbabwe het die Wêreldbiddag vanaf kerke na skole, na universiteite, en na vroue-organisasies uitgebrei. Dit is met diepe dankbaarheid dat ons die groeiende krag van die Wêreldbiddag en die Mibataniidzwa gebeds-byeenkomste sien en erken. Die Wêreldbiddag-komitee en Mibataniidzwa yeMadzimai bid vandag steeds, soos ons tradisie is, vir behoeftiges in ons gemeenskappe en gee hulp aan behoeftiges in verskillende provinsies, soos deur die plaaslike vroue geïdentifiseer.

Ons bedank elke Zimbabwiese vrou en meisie wat steeds toegewy is aan God se werk.

## 16 tot 22 Februarie Sesde week ná Epifanie

Inligting uit Preekriglyne vir eredienste (verkort)

- ♥ Rus in Psalm 119:1-8
- ♥ Lees die week se Fokusteks: 1 Korintiërs 3:1-9
- ♥ Ander tekste: Deuteronomium 30:1-20; Matteus 5:21-37

In aansluiting by die vorige twee weke se tekste val die klem van die sleutelteks hierdie week daarop dat ons redding nie deur mense bewerk word nie, maar deur God alleen. Paulus praat oor die verdeeldheid in die gemeente van Korinte, wat veroorsaak is deur gelowiges wat tussen leiers kant kies. Ons geloof is egter nie van mense afhanklik nie, maar van die lewende God wat deur mense werk. Wanneer ons daarna streef om volgens God se wil (wet) te leef, kies ons die lewe in oorfloed (Deut. 30; Ps 119). In Matteus 5:21-37 verduidelik en verbreed Jesus die betekenis van die wette waarvolgens gelowiges hulle lewens rig.

### VIR VOLGENDE WEEK 23 tot 29 Februarie

Rus sag in Psalm 2:6  
Fokusteks: Eksodus 24:12-18  
Ander tekste: Psalm 2; 2 Petrus 1:16-21;  
Matteus 17:1-9



In LiG se Maart-uitgawe gaan ons op 'n pelgrimsreis. Ons gesels met mense wat onderskeie pelgrimsroetes onderneem het - "dit was fisies swaar, maar geestelik lig". Ons ontdek ook dat God vir gelowiges 'n pelgrimsperspektief gee.

Op die voorblad is Nadia Valvekens wat vertel hoe haar siel nou blom! Rugbyspeler Schalk Brits dink terug aan die Wêreldbeker, en vertel dat liefde 'n mens se grootste wapen is.

LiG gee raad oor hoe om weer met jou tiener te "connect". Lees ook van 'n Ouma en kleinkind se spanpoging om disleksie te oorwin.

Ons beseef ook weer dat die klein dingetjies in jou huwelik die grootste is.

Kry maklike, heerlike resepte in ons Maart-uitgawe. En 'n patroon vir 'n mooi tjalie.



# Bid, Inligting en Dank (BID)

Ds. Willem Botes en sy vrou Annalie, lidmate van Lourensrivier Gemeente, het vir 39 jaar as sendelinge in die Transkei onder die Xhosa mense gewerk. Eers vir ongeveer 8 jaar in Isilimela gemeente en daarna vir 31 jaar in Decoligny gemeente.

Gedurende die tyd wat die egpaar in Decoligny was, het Lourensrivier gemeente by hulle betrokke geraak en het lidmate Decoligny dikwels besoek. Lourensrivier was een van die gemeentes wat oor die jare finansiële steun aan Decoligny gemeente gegee het en tot ds. Botes se salaris bygedra het – hulle het op 'n geloofsbasis gewerk en nie 'n vaste salaris van 'n instansie soos 'n gemeente of Sinode gekry het nie.

Dit was vir ds. Botes baie belangrik om oor die jare weekliks inligting van die Decoligny gemeente aan hulle ondersteuners, individue en gemeentes, te stuur. Hierdeur is almal op hoogte gehou wat besig was om te gebeur en ter wille van voorbidding. Daarom is die woord BID gebruik, wat staan vir **Bid**, **Inligting** en **Dank**.

Met sy aftrede in 2015 het die kerkraad van Decoligny gevra dat ds. Botes steeds inligting aan al hulle ondersteuners op 'n maandelikse basis deurgee.

Daar word maandeliks ongeveer 380 eposse uitgestuur met inligting van Sam Dandala wat deur Decoligny se kerkraad aangewys is, asook inligting van Felicia Twantwa, die prinsipaal van die Sinethemba Kinderhuis. Dié kinderhuis is in 2008 gebou en versorg verstandelik en fisies gestremde kinders.

## **Nuusbrief:**

### **BID: Decoligny (2020-02-14)**

#### **BID:**

Decoligny gemeente se eerste Kerkraad Vergadering van die jaar word gehou op 16 Februarie. Die Voorsitters van die verskillende aksies van die gemeente kom op 22 - 23 Februarie byeen vir beplanning en opleiding.

Die Jeug Aksie Kamp word gehou op 7 Maart; die Vroue Wêreld Biddag op 7 Maart te Tsolo en die Manne Aksie se werkwinkel vind plaas op 15 Maart

#### **INLIGTING:**

Sam probeer sy bes om die krisis op Decoligny se gronde te hanteer, maar hy sukkel en raak al hoe meer moedeloos. Tog sê hy dat hy nie wil opgee om die eiendom van die kerk te beskerm nie. Hy het egter ons gebede nodig.

Daar is baie struikelblokke om die situasie op Decoligny se grond te normaliseer. Die plakkers is stelselmatig besig om Silowa Konferensie Sentrum, wat aan die Sinode behoort, te stroop. Hierdie Sentrum is teen die einde van die sewentiger jare vir die Sinode op die gronde van Decoligny gebou vir gebruik deur die Sinode. Van die mense wat op 'n stadium daar in beheer was, het dit aan verskillende instansies verhuur, maar nou staan dit leeg. Alles binne die geboue, elektriese en water koppeling, plafonne, vensters en deure is reeds gesteel. Nou is reeds die helfte van die kamers se dakke afgesteel. Dit is vinnig besig om 'n murasie te word.

Daar is ook die probleem van 'n inwoner wat nie huur betaal nie en nou sommer die omheiningsdraad geknip het om 'n nuwe ingang na sy huis te maak. Laat ons bid teen al hierdie probleme.

#### **DANK:**

Die fondsinsameling van die Vroue Aksie op 2 Februarie was 'n groot sukses.

'n Nuwe leraar, NW Calvary, is bevestig in die VGK Mthatha gemeente op 8 Februarie

Dit gaan goed met die personeel en kinders van Sinethemba. Daar is tans 35 kinders en hulle wag vir die res om terug te kom. Die ouers neem eers hul kinders na die hoofstroom skole en wanneer hulle weer geld het, kom Sinethemba se kinders aan die beurt.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba).